submissie inderdaad relevant ten opsigte van getuienis wat gelewer is deur 'n medepligtige getuie in hierdie hof.

HOF: Ek wil u die volle geleentheid gee om my daaroor toe te spreek... (tussenbei)

MNR BOTHA: Ja.

HOF: ...want myns insiens, op hierdie stadium... (tussenbei)

MNR BOTHA: Ja.

HOF: ...onderhewig aan wat u sê, is dit geheel en al nie toelaatbare getuienis nie.

MNR BOTHA: Ja. Nee ek sal moet, ek sal moet gaan na gesag kyk daarna, ek het nog nie na die gesag gekyk nie u edele en dan sal ek moet vra vir 'n verdaging.

HOF: Wil u op die stadium iets daaroor sê mnr Strydom?

MNR STRYDOM: Nee u edele, ek het niks by te voeg nie, ek het niks te sê nie.

HOF: Wel ek sal graag gesag wil hoor daaroor, op watter basis dit toelaatbaar is, want ek kan nie sien dat ek dit kan toelaat op daardie basis nie.

MNR BOTHA: Ja.

HOF: As u vir my die onderneming gee, die getuie word geroep, dan kan ek dit miskien op die stadium voorlopig toelaat... (tussenbei)

MNR BOTHA: Inderdaad, inderdaad beoog die verdediging om die, om die getuies te roep... (tussenbei)

HOF: Wel u moet vir my die onderneming gee... (tussenbei)

MNR BOTHA: Ja.

HOF: ...dan sal ek dit toelaat op die basis dat daardie getuies word geroep.

MNR BOTHA: Ja. Ek sal u daardie onderneming gee u edele.

HOF: As die getuies (getuienis?) nie toelaatbaar is nie, dan

as/...

as daardie getuies nie geroep word nie... (tussenbei)

MNR BOTHA: Natuurlik! Nee!

HOF: ...gaan ek nie hierdie getuienis toelaat nie.

MNR BOTHA: Natuurlik! Natuurlik! Dit is die - ja. Ek gee u inderdaad die onderneming dat daardie getuies geroep gaan word. Soos die hof behaag.

HOF: Ja, het u enigiets te sê daaroor mej De Jager?

ME DE JAGER: U edele, dit was deurgaans die staat se houding dat indien daar relevansie aan die band is, is dit baie beperk. Ek wil net een aspek opper en dit is dat die relevansie, indien die getuies geroep word, sal geleë wees bloot dat daar 'n onderhoud gevoer is en punt. En selfs dan gaan die inhoud nie relevant wees nie. As dit op selfstawing byvoorbeeld... (tussenbei)

HOF: Wat my pla is, die blote feit dat daar 'n onderhoud gevoer is met die twee here, hoe help dit my om hierdie saak te beslis... (tussenbei)

ME DE JAGER: U edele die...

HOF: ...nou hoe sê u, op watter basis is dit relevant?

ME DE JAGER: U edele, my - ek kan dink dat daar 'n mate van relevansie lê in die feit dat die twee op die 19de die aand voor die hek was, maar die getuienis voor die hof op hierdie stadium is dat hulle was daar op die 18de en my geleerde vriend het my herinner aan die getuienis van kolonel Du Pont dat hulle inderdaad daar was op die 19de.

HOF: Ja.

ME DE JAGER: Met ander woorde, in daardie sin, beperkte stawing miskien... (tussenbei)

HOF: Maar dit is gemeensaak...

ME DE JAGER: ...vir kolonel Du Pont.

HOF: ...hoe, as dit gemeensaak is, hoe is die getuienis nou relevant?

ME DE JAGER: U edele, inderdaad. Ek het - dit het my ontgaan van die getuienis van kolonel Du Pont dat hulle inderdaad daar was die 19de. U edele, ek.. (pouse), voer nie argument vir die relevansie van die stuk nie. Ek sal my berus by die hof se besluit in hierdie verband.

---oOo---

BEVINDING/...

## B E V I N D I N G

## DIE TOELAATBAARHEID VAN GEDEELTE VAN VIDEOKASSET (1993-12-06).

J M C SMIT, R: Ja, ek sal hierdie eerste gedeelte van die band as bewysstuk voor my aanvaar, die relevantheid wat vir my nie baie duidelik is op die stadium nie, maar ek sal aanvaar daar mag relevansie in wees dat 'n onderhoud met die twee betrokke here gevoer is.

Wat gesê is tydens die onderhoud, op hierdie stadium, is, wat my aanbetref, nie toelaatbare getuienis nie en sal ek dit ook so reël. Ek het egter die onderneming ontvang dat daardie getuienis lateraan voorgelê sal word van die twee betrokke getuies en in soverre hulle getuienis gaan gee, mag, wat hulle tydens hierdie onderhoud gesê het, relevant wees en op daardie basis sal ek dit voorlopig toelaat, as die twee here lateraan getuig.

Ek mag net meld, wat ander persone op hierdie band tydens onderhoude gesê het laat ek nié toe as getuienis nie. Dit is, wat my aanbetref, nie toelaatbare getuienis nie en ek neem geen notisie daarvan nie.

---oOo---

HOF: Ja, u kan maar voortgaan juffrou.

ME DE JAGER: Soos dit die hof behaag u edele. Ek versoek dan om kolonel Christo Davidson terug te roep. Hy is in die getuiebank.

HOF: Gaan u nie die ander twee dele van die band ook nou aan my vertoon nie?

ME DE JAGER: U edele, ek het gedink om dit - dit kan nou vertoon word, of tydens kolonel Davidson se getuienis. Ek sal my daar berus op wat die hof, indien die hof dit sou verkies... (tussenbei)

HOF: Wel u bied u saak aan soos u wil, ek, ek dog die getuienis, die bande word eers aangebied en dan kan kolonel Davidson daaroor getuig.

ME DE JAGER: U edele, ja, ek het gedink dat dit sinvol sou wees om die video wat Vrydag vertoon is, stuk-vir-stuk weer te vertoon en soos 'n stuk vertoon is, sy kommentaar daaroor te vra.

HOF: Ja.

ME DE JAGER: Mag ek vra dat BEWYSSTUK 17 net oorhandig word... (onhoorbaar). U edele, die staat roep dan kolonel Christo Davidson.

**CHRISTO DAVIDSON, s.o.e.**

ONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER: Kolonel, u het, toe u reeds in hierdie hofsaak getuienis gegee het, aan die hof geskets wat op die middag van 18 Junie 1992 by die KwaMadala Hostel tydens die deursoeking van die hostel plaasgevind het? -- Dit is korrek u edele.

BEWYSSTUK 17, 'n videoband, wat ten tye van die besoek aan die hostel geneem is, is nou voor die hof. Ek gaan u versoek om na die videoband te kyk en dit net vir die hof toe te lig, indien/...

indien u kan. U edele, ek sal versoek dat die eerste stuk van die band gespeel word.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Kolonel, die gedeelte wat vertoon is, as ek kan verwys na die tyd wat op die band aangetoon word, strek vanaf 16:13 en 10 sekondes tot 16:18. Kan u vir die hof net aandui wat op die videoband sigbaar is? -- U edele, die video begin waar die groep polisiemanne buite die hostel staan, waar kolonel Schutte van die ABS voorligting gee oor wat gedoen gaan word binne-in die hostel, wat die mense daar mag doen, wat hulle nie mag doen nie. Dan toon dit enkele media kameramanne so op die kant. Dit toon ook waar die groep polisiemanne die hostel binnegaan en dan die voertuig, een van die opruktrokke wat ook die hostel binnegaan. Ekself is ook op die video sigbaar.

Kolonel, dit blyk dat die film hervat word op 'n latere stadium? -- Ja dit is korrek u edele... (tussenbei)

Ekskuus tog, as daar na die tyd gekyk word wat op die video voorkom? -- Ja dit is korrek so. Die kamera het ooglopend, was nie ooglopend deurlopend aan gewees nie. Daar is gedeeltes gefotografeer, waarna die operateur dan die kamera afgeskakel het of opgehou het om te fotografeer en dan is daar weer gedeeltes waar hy begin het, maar dit is - dit gee tog 'n beeld van wat opeenvolgend gebeur het.

Ek sal versoek dat 'n verdere gedeelte van die band gespeel word u edele.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Daar is 'n gedeelte wat begin in die omgewing van

16:22/...

16:22 kolonel, tot 16:28. Kan u daaroor kommentaar lewer? -- U edele ja, dit toon die polisiemanne nadat hulle reeds beslag gelê het op sekere van die wapens in die kamers. Sommige van die wapens het reeds kaartjies aan gebind en dan toon dit ook enkele van die persone wat in die hostel teenwoordig was, met wie daar gesprek gevoer word, deur lede van die polisie en dit is duidelik uit die gesprek uit dat daar 'n oproep op die inwoners gedoen word om kalm te bly.

U edele, ek merk dit is kwart oor, miskien is dit 'n geleë tyd om te verdaag.

HOF: Die hof sal verdaag vir 15 minute.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

HOF: Net so 'n oomblikkie. Ja mnr Botha?

MNR BOTHA: U edele, net voor ons voortgaan. Nadat ons vanoggend by u was en gedurende die teeverdaging is daar 'n versoek van die beskuldigdes wat vra dat ons ietwat vroeër verdaag. Van die beskuldigdes wat werksaam, of werk gehad het by Yskor het die geleentheid om vanmiddag met Yskor bestuur te praat om gedurende die lang reses moontlik te kan werk en in daardie opsig is dit vir hulle inderdaad belangrik. Ek het dit met my geleerde vriendin gespreek, nou voor die aanvang van die verhoor nou weer. Ek verstaan dat die getuie graag sy getuienis wil klaarmaak. Onderworpe daaraan sal ek vra dat daar 'n verdaging teen eenuur geskied vandag.

HOF: Ek is versoek deur die mense wat die masjiene opereer om 'n bietjie vroeër te verdaag sodat hulle kan - ek weet nie, een of ander geselligheid bywoon, maar ons gaan maar aan en kyk hoe ver... (tussenbei)

MNR BOTHA: Soos, soos die hof behaag.

HOF: ...hoe ver kom ons.

**CHRISTO DAVIDSON, s.o.e.**

ME DE JAGER: U edele ek sal versoek dat die band voortgegaan word en dat nog 'n... (onvoltooid - maar ook heeltemal onhoorbaār verder).

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER (VERV.): Kolonel, op die band was daar nou 'n stuk wat begin het om 16:30 volgens die tyd wat op die band vertoon word en dan was daar klaarblyklik 'n kort onderbreking en dan vanaf 16:32 loop hy tot 16:40. Kan u die gedeelte vir die hof net toelig? -- U edele ja, die eerste gedeelte toon enkele van die polisiebeamptes waar hulle kaartjies aan assegaaie en kieries bind wat in die kamers gekry was. Daarna verskuif die toneel na die groep mense wat begin bymekaar kom het naby die hek en toon aan dat hulle meer en meer oproerig raak. Soos hulle bymekaar kom toon dit ook die kieries, skilde, assegaaie wat hulle by hulle het. Hulle voer oorlogsdanse uit, oorlogskrete. Ek kan net noem - o-ja, en dan is daar 'n gefluit en na 'n ruk hoor 'n mens die geloei van 'n handsirene wat 'n teken was om die mense bymekaar te roep. Ek kan net noem dat op daardie stadium toe hulle so oproerig begin raak het en begin groepeer het, het ons opdrag gegee om die deursoeking in die kamers te staak. Daar was nie meer mense in die kamers gewees nie. 'n Deursoeking daar dien geen doel nie en indien daar probleme sou uitbreek, dan sou ons in 'n moeilike situasie gewees het om op te tree, omdat ons mense versprei was.

Kolonel, gedurende die tydperk wat deur hierdie gedeelte van die band gedek word, het die getalle persone wat daar vergader het, begin vergader het, het dit konstant gebly,

toegeneem/...

toegeneem of afgeneem? -- Nee u edele, dit het vinnig toegeneem.

Op die band is daar ook 'n verskeidenheid van wapens te siene in die besit van die persone daar. Was die persone aanvanklik met u aankoms daar in besit van wapens? -- Nee u edele, hulle was nie, maar soos hulle aangegroei het en bymekaar gekom het, het ek die wapens gesien.

Kolonel, op die video is ook duidelik sigbaar dat daar individue was wat rooi bandjies om die voorkop aangehad het, wat blykbaar nou agter die kop vasgemaak was en ook een of twee gevalle waar daar wit bandjies om die hoofde vasgemaak was. Was dit so met u aankoms daar... (onhoorbaar - STEEDS NIE IN MIKROFOON)? -- U edele ja, toe ek die persone gesien het, toe het hulle dit op hulle koppe gehad.

Die gedeelte waarna die hof nou gekyk het kolonel, loop tot omtrent 16:40 en dan blyk daar weer 'n onderbreking te wees met die opname. Ek sal versoek dat daar nou na die volgende stuk gekyk word.

**<u>MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING</u>**

<u>ME DE JAGER</u>: Kolonel, die gedeelte wat nou vertoon is, strek, volgens die tyd wat op die band aangegee word, vanaf die omgewing van 16:47 tot 17:02? -- Dit is korrek u edele.

Aan die begin van die band, kan u net vir die hof sê wat daar te sien is? -- Dit toon die groep, lede van die polisie wat onttrek het uit die hostel uit u edele en by die hek bymekaar gekom het. Soos wat ek vroeër verduidelik het, hoekom ons dit gedoen het, dit toon dan ook 'n groep pers mense wat buitekant die hostel terrein staan... (tussenbei)

Is dit die persone wat so langs 'n motor staan buite die

hostel/...

hostel? -- Ja, waar daar so 'n paar privaat motors op vasgelê is u edele. Dan 16:54 toon dit weer die beeld binne-in die hostel en dan hoor 'n mens ook die geluid van 'n vliegtuig wat bokant die hostel gedraai het die heeltyd.

Ja, kolonel, van omtrent 16:54, 16:55 lyk dit asof die groep inwoners van die hostel stilstaan. Kan u vir die hof verduidelik wat daar aan die gebeur was? -- U edele, ja, dit toon ook 'n mens sien net so vinnig waar brigadier Langenhoven met die mense praat en mnr Mthembu, een van die beskuldigdes wat ook daar staan, waar hy as tolk optree. Hulle het toe in 'n groep bymekaar gekom daar en geluister na wat Langenhoven gesê het.

Kolonel, in die omgewing van 16:56, soos dit op die band aangedui is, hoor 'n mens stemme, dit klink soos vrouestemme en dan sien jy die koppe draai. Kan u miskien - weet u wat daar gebeur het? -- U edele, ja, dit was 'n groep vroue wat van die agterkant van die hostel, dieper in die hostelterrein in, bymekaar gekom het en begin skree het en nader gehardloop het en die oomblik toe die persone hulle koppe gedraai het, het hulle heel waarskynlik na daardie groep vroue gekyk.

U edele, ek sal versoek dat die volgende deel van die band vertoon word.

**<u>MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING</u>**

<u>ME DE JAGER</u>: Kolonel, daar is 'n gedeelte vertoon wat die tyd aandui vanaf ongeveer 17:03 tot 17:09. Die eerste skote wat met die tyd van omtrent drie minute na vyf, lyk dit asof daar wapens afgeneem is, kan u toelig? -- U edele ja, dit is 'n aantal wapens wat agterin een van die polisie-opruktrokke gelê het. Ek het nou nie self gesien toe die foto geneem is

daar/...

daar nie, maar dit moet die klomp wapens wees wat uit die hostel verwyder is vroeër en toe ek vroeër getuig het, het ek daaroor getuig en gesê dat dit verwyder is en in die polisie-voertuig geplaas is om dit net uit die hostel-perseel uit te kry. Op die beeld sien 'n mens ook enkele van die kaartjies, bewysstukkaartjies wat aan die items vasgeheg was.

Ja, na die afneem van wapens? -- Dit toon ook 'n groep vroue wat so in die agtergrond staan u edele. Dit is die vroue oor wie ek vroeër getuig het hier wat geskree het, wat ons gehoor het. Dit toon ook kolonel Schutte en mnr Mthembu in 'n gesprek daarso en... (tussenbei)

Is die res van die skote in die gedeelte waarna die hof gekyk het in die hostel self gewees? -- Ja, dit is in die hostel-perseel u edele.

Sal u net na die res van die stuk kyk.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Dit is die laaste gedeelte van die band wat nou getoon is kolonel. Op 'n tyd, 17:27, wat op die band aangetoon is sien 'n mens 'n klomp polisiemanne. Kan u vir die hof vertel wat daar gebeur het? -- U edele ja, dit was versterkings wat aangevra is nadat ons vroeër die dag die probleem gehad het en ons half die operasie gestaak het, het daar versterkings gekom en dit wat ons hier gesien het, toon die oomblik toe hulle die hostel binnegekom het weer.

Kolonel, waar die video eindig is dit nou nie duidelik nie, kan u miskien net vir die hof sê, dit wil voorkom op daardie stadium waar die video eindig in die omgewing van 17:30, was daar nog van die inwoners in besit van wapens? -- Ja dit is korrek u edele. Die laaste stukkie omtrent toon daar

waar/...

waar brigadier Langenhoven twee kieries of soortgelyke instrumente in sy hand het wat hy by een van die persone afgeneem het daar, maar hulle het nog, baie van hulle het nog wapens in hulle hande gehad.

U edele, die staat beoog vervolgens om gedeelte twee van BEWYSSTUK 18, die videoband ook geneem is op 18 Junie by KwaMadala Hostel aan die getuie te vertoon.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Kolonel, kan u die inleidende gedeelte van die video, op... (onhoorbaar - STEEDS NIE IN MIKROFOON) ...kyk op die video 16:16 tot 16:21 strek, net vlugtig aan die hof toelig? -- U edele ja, dit toon maar basies dieselfde tonele as die vorige video buite die hostel waar die polisiebeamptes bymekaar gekom het en kolonel Schutte hulle toegespreek het. Wat prominent hier ook is, is die aantal persmanne wat daar gestaan het wat voor die hek was, wat deur ons verwyder is daarso om bietjie meer eenkant te staan en dan toon dit waar van die polisielede in die kamers ingaan waar hulle dan met die deursoekings begin.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Goed, op die gedeelte waarna die hof nou, vertoon is kolonel, die eerste gedeelte, volgens die tyd wat op die band aangetoon word van 16;25 tot 16:26 en dan is daar ook 'n gedeelte wat van 16:31 tot om en by 16:37 strek. Kan u dit net vir die hof toelig? -- U edele, ja, die eerste gedeelte toon 'n klompie wapens wat op 'n hoop op die grond lê, sonder enige kaartjies aan en dan is dit duidelik dat iemand daarso vra, "maar moet ons dit nie 'tag' nie", bedoelende seker, moet ons

nie/...

nie kaartjies aansit nie. Die tweede gedeelte is binne-in een van die kamers waar brigadier Langenhoven redelike prominent is, waar hy aan die lede verduidelik dat hulle die kaartjies moet aansit en 'n presies beskrywing kry van waar hulle die betrokke bewysstukke in die kamer kry.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Kolonel, daar was nou aan die hof getoon 'n gedeelte wat strek van 16:37 volgens die tyd op die band self na 16:48? -- Korrek u edele.

Kan u kortliks net vir die hof toelig daar? -- Ja, ek dink wat die duidelikste uit hierdie gedeelte is u edele, is die vlak van oproerigheid en hoe dit aangroei. Die persoon met die luidspreker in sy hand, met die sirene, wat skree, wat die mense bymekaar roep, die strydkrete, die tipe van oorlogsdanse wat uitgevoer word, die groep wat groter groei en vanuit die diepte van die hostel nader kom na die hek toe, die teenwoordigheid van vrouens en kinders daarso, die besprinkeling van die persone met die water uit die emmer uit, die rooi en wit kopdoeke wat duidelik sigbaar is, is opmerklik hierso. Op 'n stadium, hier teen die einde, sien ons, dit lyk of die groep 'n bietjie wegstap, dan groepeer hulle weer. Dit is waar hulle van die hek af 'n entjie dieper in die hostel ingestap het en toe weer daar bymekaar gekom het.

Kolonel, u het vir die hof gesê toe daar na die vorige BEWYSSTUK 17 gekyk is, dat die polisiemanne wat in die kamer met deursoeking besig was op stadiums moes onttrek? -- Dit is korrek.

Bedoel u buite die hostel? -- U edele, nee, hulle het tot in die hek van die hostel, daar is so 'n gang, hulle het daar

byeengekom/...

byeengekom en toe die versterkings bygekom het, het hulle na buite toe gegaan en aangesluit by die versterkings en toe het hulle saam met die versterkings voortgegaan... (laaste woord nie baie duidelik - agtergrond geraas)

Goed, u kan voortgaan.

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: Die gedeelte kolonel wat 'n aanvang neem volgens die tyd op die video om 16:48 en strek tot 17:07, die gedeelte wat so pas vertoon is, die offisier wat lyk of die polisieman wat die woord doen daar is brigadier Langenhoven? -- Dit is korrek u edele.

Kolonel, hier teen die einde van die stuk het dit gelyk of daar op 'n stuk papier gefokus word, kan u, u herinner wat dit was? -- U edele nee, ek kan nie presies onthou wat dit gewees het nie.

Dit is redelik voor die hand liggend wat brigadier Langenhoven daar aan die groep verduidelik het. Wat was die uiteinde, wat het geword daarvan? -- U edele, op 'n stadium het 'n klompie van hulle enkele wapens op die grond neergegooi daarso, maar van verdere samewerking daardie dag was daar nie sprake nie.

Sal u net na die volgende gedeelte van die band kyk?

HOF: Gaan u klaarmaak hiermee voor eenuur?

ME DE JAGER: Ek behoort u edele, ek sal... (onhoorbaar - FLUISTERSTEM IN 'N MIKROFOON WAT OF NIE WERK NIE ÓF TE VER VAN HAAR AF IS). Net so 'n oomblik.

BESPREKING WEG VAN MIKROFOON

**MEGANIESE ONDERBREKING TERWYL VIDEOKASSET GESPEEL WORD - MET HERVATTING**

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: Kolonel, die begin van die gedeelte waarna daar nou gekyk is, die tyd daarvan is 17:25, blyk dit dat 'n groep polisiemanne toegespreek word. Wie het hulle daar toegespreek? -- U edele ja, dit is korrek. Dit is die versterkings wat opgedaag het. Dit is kolonel Schutte van die ABS wat die mense toespreek en voorligting gee oor wat hulle moet doen.

Kan u enige verdere kommentaar lewer oor die res van die band? -- Dit toon ook 'n groep polisiemanne waar hulle aan die binnekant van die hostel voor die kamers verbybeweeg u edele, soos wat kolonel Schutte hulle opdrag gegee het om te doen. Dit toon ook enkele lede wat uit kamers uitkom met enkele bewysstukke soos 'n kierie en so aan en ook waar brigadier Langenhoven twee kieries by 'n persoon afvat en daar op die grond neergooi. Ek kan net noem, op daardie stadium het - die bewysstukke wat ons toe vergader het, of versamel het, was hoofsaaklik maar om dit uit die hostel uit te kry, want dit het weinig bewyswaarde gehad. Ons kon geen mense aan hulle koppel nie. Ons het - die enkeles wat hier aangetoon word, het ons probeer wegkry om dit net uit die hostel uit te kry.

Dankie u edele, ek het geen verdere vrae aan die getuie nie.

HOF: Mnr Botha?

MNR BOTHA: Mag dit u behaag u edele, mag ek op hierdie stadium vra dat die verdaging na môre-oggend geneem word?

HOF: Ek verstaan die getuie het probleme môre. Is u môre vas kolonel? -- U edele, ek het, my vier dae verlof vir die jaar begin môre, maar as dit nodig is, dan sal ek... (tussenbei)

Nee, ons gaan voort totdat u klaar is met hom.

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Kolonel sou dit reg wees om

te/...

te sê dat die 18de daar by die hostel groot ontsteltenis was, of kom ek stel dit vir u liewer, daar was getuienis hier in die hof dat daar die oggend van die 18de ook 'n dreigende aanval vanuit Boipatong op die hostel was. -- Ja ek is bewus van so 'n dreigement u edele.

Inderwaarheid was dit nodig vir die polisie om die inwoners van Boipatong af te keer waar hulle op pad was na die hostel toe? -- U edele, ja, daar was so 'n voorval gewees... (tussenbei)

En aan die anderkant was daar op 'n stadium vroeër die oggend van die 18 Junie, het die inwoners van die hostel uitgegaan nadat hulle gehoor het dat daar 'n beplande aanval op die hostel was. -- Ja ek is bewus daarvan, van so 'n voorval u edele.

Van wanneer af was daar 'n polisieteenwoordigheid by die KwaMadala Hostel gewees kolonel? -- U edele, so ver my kennis strek, die nag direk na die gebeure was daar polisie teenwoordigheid daar en dit was deurlopend gehandhaaf. Toe ons daar kom was daar Casspirs en Njala's buite die hostel en daar was tegelykertyd ook 'n sterk polisie teenwoordigheid in Boipatong ... (tussenbei)

Ja. -- ...so op al twee plekke was daar polisie teenwoordigheid gewees.

Op 'n stadium op die video verskyn daar 'n geskrewe stuk papier, is dit nei die geleentheid waar aan die inwoners oorgedra is dat hulle nou in terme van regulasie 3 van die Onrusregulasies beperk is tot die hostel nie? -- U edele, dit was 'n bietjie later die aand wat daardie bevel aan hulle uitgelees is. Ekself het dit uitgelees aan hulle, maar... (tussenbei)

O, het u dit self uitgelees? -- Ek het dit self...

(tussenbei)/...

... (tussenbei)

Later die aand van die 18de? -- Later die aand, dit was toe reeds donker gewees toe ek dit uitgelees het aan hulle u edele.

Tot hoe laat die aand van die 18de was die deursoeking by die hostel gewees? -- U edele, dit was net tot so voor donker, omtrent net nadat hierdie laaste beeldmateriaal opgehou het. Toe - dit het geen doel gedien om verdere deursoeking te doen nie, want daar was niemand in die kamers nie. Ons het toe daarmee opgehou en gewag vir die bevel om te kom.

Ja. Kolonel, ek gaan dit probeer kortknip. Ek het afgelei uit die getuienis wat - of uit wat brigadier Langenhoven daar vir die mense sê, dat daar 'n aanvaarding is dat die mense graag in hulle tradisionele wapens wil besit behou. -- Ja, dit is so u edele.

En ek het half afgelei - en u moet my reghelp as ek verkeerd is - dat dit was aanvaar dat die besit van 'n tradisionele wapen vir 'n Zoeloe nie 'n vreemde ding is nie? -- Ja-nee dit, dit is so u edele.

En hy sou baie swaar afskeid neem daarvan, want dit is gekoppel aan sy tradisie en sy kultuur? -- Ja, dit is so u edele.

En normaalweg, as hy na 'n belangrike okkasie toe gaan, of as daar gevaar dreig, dan sal hy sy tradisionele wapen by hom hou? -- Ja, dit is die gebruik u edele.

Ek het die indruk gekry dat, uit die videos wat nou vertoon is, dat daar, toe die polisie daar aangekom het, weggespring is met die deursoeking en met die beslaglegging op tradisionele wapens; dat daar toe 'n bietjie van 'n reaksie was daaroor en dat daar toe 'n gesprek was wat die mense

verduidelik/...

verduidelik is wat nou eintlik aangaan? -- U edele... (tussenbei)

Sou dit korrek wees? -- ...toe ons daar gekom het by die hostel, toe het ons aan mnr Mthembu en die ander mense wat vir ons na senior mense gelyk het by die hek van die hostel, presies verduidelik wat ons daar gaan doen, dat ons kom om wapens te deursoek en dat ons toe daarmee begin het, soos ons die kamers ingegaan het, waar ek teenwoordig was, het ons ook vir die mense gesê ons kom soek... (tussenbei)

Ja maar dit, dit is nie... -- ...na wapens... (tussenbei)

...onmiddellik verduidelik aan die, aan die mense deur mnr Mthembu self nie. Hy het nou nie die mense bymekaar geroep en vir hulle getolk en gesê, dit is wat gaan gebeur nie? -- Nee, hy het dit nie onmiddellik gedoen nie u edele.

Dit het eers op 'n later stadium gebeur. -- Dit is korrek u edele.

En die, en die mense is inderdaad vir daardie doel bymekaar geroep, dat hulle verduidelik kon word wat nou aangaan, toe brigadier Langenhoven nou die mense verduidelik wat aangaan. -- Ja u edele, dit was nadat hulle, nadat die oproerigheid plaasgevind het daarso, wat dit aan hulle toe weer verduidelik was.

Ja. Wat ek vir u sê is dat die byeenroeping van die mense klaarblyklik geskied het, as 'n mens kyk na die tweede video, BEWYSSTUK 18, waarop mnr Mthembu saam met brigadier Langenhoven verskyn en terselfdertyd loei die sirene en kom die mense bymekaar. U volg wat ek bedoel? -- Ja, nee ek volg u edele.

En waarop brigadier Langenhoven vir mnr Mthembu sê hy moet nou vir die mense verduidelik? -- Dit is korrek u edele.

Ja. In die lig daarvan is dit seker veilig om aan te

neem/...

neem dat die mense bymekaar geroep is sodat daar vir hulle kon verduidelik word wat nou aangaan, nie waar nie? -- Ja, dit is korrek u edele.

Vandat die hostel op die 18de besoek is en deursoek is deur die polisie was daar 'n permanente polisie teenwoordigheid by die hostel en is toegang tot die hostel beheer, in- en uitgaan? -- Dit is korrek u edele.

U sou dus geweet het indien daar op die 18de, daardie aand, 'n besoek was van Themba Khoza en Humphrey Ndlovu, u weet na wie ek verwys? -- Ja, ek weet na wie u verwys u edele, ek... (tolke tussenbei).

Ek wil net aan u stel, volgens my inligting was hulle nie die aand van 18 Junie by die hostel gewees nie? -- Ek weet nie of dit so is of nie u edele.

Daar was - u het nou gekyk na die eerste gedeelte van die band wat nou voorlopig toegelaat is en ek wil u net na 'n enkele gedeelte daarvan verwys. Dit is die gedeelte wat daarop verwys waar daar 'n onderhoud is met die, met Themba Khoza en Humphrey Ndlovu, net buite die hostel en dit skyn, volgens die inligting wat op die band verskyn, dat dit op die aand van 19 Junie was? -- Ja, dit, dit wil... (tussenbei)

Die Vrydagaand. -- Ja, dit wil so voorkom... (tussenbei)

U sou saamstem daarmee? -- Dit wil so voorkom.

Daar was ook getuienis van kolonel Du Pont dat hy betrokke was by die bewerkstelliging van Themba Khoza se teenwoordigheid op die 19de in die hostel om behulpsaam te wees met onderhandelings tussen die inwoners en die polisie? -- Ja, ek is bewus daarvan dat daar so iets was u edele, maar ek het nie, ek het nie detail kennis daarvan nie.

Dankie u edele, ek het nie verdere vrae nie. -- U edele,

as/...

as ek miskien net iets ter opheldering kan noem ten opsigte van die prosedure wat ons gevolg het met die deursoeking, hoekom ons nie die mense eers almal bymekaar geroep het nie om te sê wat ons gaan doen nie. Ons sou daardeur die verrassingselement uitgeskakel het. Ons wou juis die mense binne-in hulle kamers kry sodat indien ons op bewysstukke beslag lê, dat ons darem die eienaar van daardie bewysstuk kan koppel met dit waarop ons beslag lê en daarom is hulle nie <u>eers</u> byeen geroep nie.

<u>HOF</u>: Het u geen verdere vrae nie mnr Botha?

<u>MNR BOTHA</u>: Ek het geen verdere vrae nie.

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR MNR VAN ECK</u>: Kolonel, die - dit blyk dat daar twee polisiemanne was wat opnames gemaak het die middag? -- Ja, volgens hierdie, hierdie was die opname van twee verskillende persone u edele.

En die doel van so 'n opname was seker om so veel as moontlik van die gebeure wat daar plaasvind te dek? -- Dit is korrek u edele.

En ook om soveel as moontlik van die mense wat daar is uit die aard van die saak af te neem? -- Dit is korrek u edele.

En u het nou die twee video-opnames gesien en u was ook daar gewees die dag. Reflekteer dit wat ons hier gesien het min of meer wat u die dag daar gesien het? -- U edele, ja, dit reflekteer omtrent wat gebeur het daarso. Ek dink daar is net 'n belangrike aspek wat 'n mens in gedagte moet hou hierso en as u my die vergelyking sal verskoon, ek dink dit is soos wanneer 'n mens na 'n Currie Beker-eindstryd kyk op TV en wanneer jy dit bywoon op die stadion self. Die gees en die gevoel wat jy ervaar op die stadion is nie dieselfde as wat jy sien op die video nie en ek dink hierso is presies dieselfde van toepassing.

U/...

U edele, behalwe om te sê dit hang seker af wie speel, het ek nie verdere vrae nie.

HERONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER: Kolonel, u het getuig dat daar vanaf 'n sekere punt 'n konstante teenwoordigheid by, polisie teenwoordigheid by die hostel gehandhaaf is? -- Dit is korrek u edele.

U is pertinent daaroor gevra, oor die periode na die deursoeking? -- Dit is korrek.

Die polisie teenwoordigheid, wat het dit beteken, was hulle teenwoordig binne-in die hostel self, of daar buite die hekke van die hostel... (onhoorbaar) teenwoordig... (onhoorbaar)? -- Dit was buite die hostel en om die hostel. Die persone direk by die hek van die hostel moes toegangsbeheer toepas oor die persone wat in- en uitgaan. In die eerste plek om te kyk dat geen bewysstukke of enigiets uit die hostel verwyder word en om te sien dat die persone wat op daardie stadium soort van ingeperk was, nie die hostel verlaat nie. Persone wat toegang sou wou hê tot die hostel se bona fides sou nagegaan word en as daar nie 'n probleem mee was nie, dan sou hulle toegelaat word om die hostel binne te gaan.

Geen verdere vrae nie u edele.

GEEN VERDERE VRAE

GEEN BESWAAR DAT DIE GETUIE VERSKOON WORD VAN VERDERE BYWONING NIE

HOF: Sal dit 'n geleë stadium wees om die verdaging te neem?

ME DE JAGER: Inderdaad u edele.

HOF: Vra u 'n verdaging tot môre-oggend tienuur mnr Botha?

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

HOF: Die hof sal tot tienuur môre-oggend.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT OP 7 DESEMBER 1993**

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: Mag dit die hof behaag. U edele, beskuldigde 62, wat gister afwesig was, is vandag in die hof teenwoordig. Die staat het nie 'n beswaar wat in sy geval gister gemagtig is gekanselleer word nie. Beskuldigde 40 is steeds ongesteld. Dit is die beskuldigde wat sy been gebreek het. Die staat het nie beswaar indien die uitreiking van die lasbrief steeds oorstaan tot die volgende hofverskyning nie. U edele, die volgende... (tussenbei)

HOF: Dit is beskuldigde? 40?

ME DE JAGER: 40. En die staat sal ook aan die hand doen dat daar met die getuienis in die saak voortgegaan word in die afwesigheid van die een persoon.

HOF: Het u enigiets daaroor te sê?

MNR BOTHA: Geen beswaar nie.

MNR STRYDOM: Geen beswaar u edele.

HOF: Wat beskuldigde 62 betref word die lasbrief tot arrestasie gekanselleer. Beskuldigde 40 staan die lasbrief steeds oor.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag u edele. U edele, die verdediging het aangedui dat hulle bereid is om sekere erkennings ingevolge die bepalings van artikel 220 van die Strafproseswet te maak. Die erkennings is op skrif gestel en is beliggaam in 'n stuk wat ek met verlof van die hof as BEWYSSTUK U sal ophandig. Ek lees die stuk uit u edele:

> "Met die doel om formele getuienis ui te skakel word die volgende erkennings gemaak:
>
> 1.
>
> Die identiteit van die oorledenes genoem in aanklagte 1 tot 45 word erken.
>
> 2.

Dit/...

Dit word erken dat die persone genoem in aanklagte 1 tot 45 beserings opgedoen het in Boipatong en Slovopark gedurende die tydperk 17 tot 18 Junie 1992.

3.

Dit word erken dat die gemelde oorledenes nadat hulle die beserings opgedoen het, geen verdere beserings opgedoen het wat tot hul dood bygedra het, totdat lykskouings deur Dr. A.S. Niemand op die lyke uitgevoer is nie.

4.

Dit word verder erken dat die persone 'William' na wie die getuie Mambatani Princess Boyce verwys, Thomas Pule Lekabe, die oorledene in aanklag 21 was."

U edele, ek sien net daar is 'n tikfout, dit behoort te wees "persoon".

"5.

Voorts word erken dat die oorledene gefotografeer in Bewysstuk B, moordtoneel 14, foto's 23 tot 25, KHABONINA MARIA MLANGENI, die oorledene in aanklag 26 was.

6.

Die inhoud van bewysstuk P, synde 'n album van foto's van beskadigde huise in Boipatong, afgeneem op 19 Junie 1992, word erken. Die korrektheid van die adresse weergegee in bewysstukke K2 en F2, word erken."

<u>HOF</u>: Is u tevrede met die erkennings soos geformuleer mnr Botha?

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.